CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI | Nommer 12 | 8 Mei 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

Intervarsity

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

**Saterdag 9 Mei**
— Anton Goosen tree in Ouditorium op — 19h30

**Maandag 11 Mei**
— Seminaar vir Middeleeuse studie — 19h30
— Algemene ledevergadering van muurbalklub — 17h00

**Woensdag 13 Mei**
— Afrika-Seminaar aangebied deur die Instituut vir Internasionale Politiek — 19h30
— Oud-regter Kowie Marais lewer 'n voordrag aangebied deur Platform — 19h30. Ope vergadering.
— Frans du Toit — Studente-kunsuitstalling van 13 tot 27 Mei

**Vrydag 15 Mei**
— Verskeidenheidskonsert: Herfs '81. In die Ouditorium om 19h30.
— Colleguim Musicum — konsert — Konservatorium — 20h00

**Saterdag 16 Mei**
— Voorbereiding vir Cachet

**Die Wapad het met leedwese verneem van die dood van mev Bingle, die eggenote van prof Hennie Bingle, voormalige rektor van die Puk. Prof Bingle en alle familielede word in hierdie omstandighede die krag van die Here toegebid.**

## Binne

- Intervarsity: reëlings, program en eerstespan op p8.
- Hoofgradeplegtigheid — p3.
- SSR sê nee vir AWB op kampus — p3.
- Die pryse in die kafeteria word vergelyk met ander kampusse — p5.
- Klooster het interessante tradisies — p6.
- 'n Ekstra sportbladsy met die oog op Intervarsity — p7.

Nuuswenke
**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.
**Saktyd**
Maandag 13h00.

# SSR-finansies nie na wense

**OMDAT die finansiële posisie van die SSR nie na wense is nie, word alle uitgawes van die SSR en sy onderliggame tot die minimum beperk tot en met die herbegrotingsvergadering. 'n Spesiale SSR-vergadering word op 14 Mei gehou om 'n herbegroting te bespreek en goed te keur.**

Sedert die begroting goedgekeur is, was daar tekorte waarvoor nie begroot is nie. Thalia het 'n verlies gely van ongeveer R4 600,00; salarisse en lone sal ongeveer R2 000,00 meer wees as waarvoor begroot is; ouditfooie was R1 870 meer as die begroting; daar is 'n moontlike tekort van ongeveer R3 500,00 op SSR-vervoer en die Besembos stuur op 'n tekort van R7 000,00 af. SSR-portefeuljes het reeds ongeveer 75 persent van hulle begrotingsfondse spandeer en sekere karnavalprojekte gaan moontlik verdere verliese vir die SSR beteken.

Mnr Hennie Botha, finansiële adviseur, sê studente vra nie advies op finansiële gebied nie. Studente leer ook nie uit aanbevelings van studenteleiers in vorige jare nie.

### Thalia

Fanie Haasbroek, SSR penningmeester, sê Thalia se begroting werk op 'n voorskotbasis. Thalia het verlede jaar egter 'n verlies gely wat op die SSR se begroting oorgedra word. Thalia sal die verlies oor die jare aan die SSR terugbetaal.

Mnr Hennie Botha skryf Thalia se verlies toe aan 'n mislukte toer. Dit was te wyte aan swak organisasie, swak reklame en swak beplanning. Mnr Botha sê die toergroepe soos Thalia is 'n risikofaktor vir die SSR.

Jurie van der Walt, Thalia se voorsitter in 1980, sê die toer het misluk omdat toneel nie met televisie kan kompeteer nie, hulle kontakpersone se organisasie swak was en omdat die toer tydens die skoolvakansie plaasgevind het. Thalia is 'n amateurgroep en het goeie kritiek vir hulle opvoerings gekry. Die finansiële adviseurs het hulle net gehelp met kontrole oor finansies.

### Salarisse

Salarisaanpassings moes gemaak word nadat die universiteit personeel se salarisse verhoog het. Daar is R2 000,00 meer voorsien, maar daar is

(Vervolg op p2)

# Oriëntering lyk voortaan anders

— Petro Malan —

**ORIËNTERING gaan in die toekoms 'n ander wending aanneem. Dit blyk uit verslae oor oriëntering in 1981.**

Die oriënteringsaksies tussen seniors en eerstejaars word amptelik afgeskaf. Die koshuisraad het die mosie aanvaar. Dit is daarna ook deur die SSR-oriënteringskomitee en SSR self aanvaar.

Ongerymdhede wat tydens oriëntering plaasvind, veroorsaak dat die beeld van die Puk na buite skade ly.

Oriënteringsaksies tussen die SSR, HK's en kampusleiers is sinvol en help met die kweek van Puk-lojaliteit en gesonde groepsgees. Alternatiewe vir senior-eerstejaaraksies is koshuiskonserte, sêrkompetisies, kampvuurgeselligheide en interaksies.

Die seniors het nie die doelstellings van oriëntering soos deur die SSR geformuleer uitgevoer nie. Studente wat hulle diensplig voltooi het, het nie tuis gevoel nie. Lojaliteit teenoor die Puk is nie by die eerstejaars geskep nie en ontheffingsfunksies kon nie doeltreffend deur die SSR en HK's beheer word nie.

Seniors sal nog 'n aandeel in die ontvangs van eerstejaars hê, maar aksies sal in die fynste besonderhede beskryf en beplan moet word. Hulle deelname sal bydra tot groepsgevoel in koshuise.

### Begrip verander

Die begrip "oriëntering" moet vervang word met "ontvangs- en bekendstellingsprogram" of "Kennie-Puk", omdat sommige seniors oriëntering reeds sien as afgewaterde ontgroening.

'n Nuwe begrip sal bydra om onkontroleerbare aksies, aksies wat liggaamlik uitputtend is, en aksies wat geestelike spanning

(Vervolg op p2)



*Spies Theunissen is die hoogs kompetente man wat saam met Danie Kriel die Puk-mag op sanggebied sal lei in die komende intervarsity teen RAU. Sy boodskap aan die Pukke: "Saterdag op die pawiljoen sal RAU soos die gepiep-piep van 'n verwronge vrugte-vlermuis klink teen die Puk se donderende, dawerende, dreunende gejuig. Pukke, ons gaan daardie klomp Raukies met die sangtalent van 'n atlasbrood onder die wolkekrabbers insing."*

# Hier is sy . . .



*Ona Neethling van Oosterhof wat aangewys is as sjampanjenooi vir 1981. Berig op p 3.*

WHOLESALE SUPERAMA
PIETERSEN STR. • INDIAN CENTRE • POTCHEFSTROOM
Mans Kombershemde R9,95
Mans Verweeljeans R13,95
Hang Ten-Skoene R19,95
Truie R10,50
Spesiale afslag vir studente op klerasie.
TEL: 4381

## Oriëntering

meebring te verhoed.

### Akademiese oriëntering

Akademiese oriëntering moet meer aandag kry. Die tweede week moet hoofsaaklik aan akademiese bekendstelling gewy word. Bekendstellingsaksies van die SSR moet oor die ontvangsprogram versprei word en inligting moet só aangebied word dat die eerstejaars dit sinvol kan verwerk. Te veel inligting is in die verlede verskaf sonder dat die eerstejaars dit behoorlik kon waardeer.

### Ontvangsprogram

Die oriënteringskomitee het bevind dat die amptelike ontvangsprogram van die universiteit minder gekonsentreerd moet wees. Ouers en eerstejaars moet oor dienspligvrystellings ingelig word.

Die ontvangsprogram moet in oorleg met die vorige adjunk-voorsitter en HK's beplan word en vir goedkeuring aan die oriënteringskomitee voorgelê word. Slegs aksies wat in die goedgekeurde program opgeneem is, is toelaatbaar.

### Vernederende praktyke

Die verbeelde gesagskrisis tussen seniors en die SSR en HK's tydens die uitgooiaksies lei tot die ondermyning van die Universiteit se gesag. Die aksies moet afgeskaf word.

Tarentaaldag moet afgeskaf word, omdat dit 'n negatiewe uitwerking op eerstejaars het. Vlegsels, pampoenpitte en die teken van sproete moet ook afgeskaf word, omdat dit vernederend is. Goedgekeurde "toebehore" soos houtgewere word beperk tot Kennie-Puk-aksies, waarby slegs studente betrokke is en word slegs in die eerste week toegelaat.

Stoetkaarte is vernederend en word deur 'n

(Vervolg van p1)

kongrestipe naamplaatjie vervang. Eerstejaars wat reeds diensplig voltooi het, word voorsien van 'n gekleurde identiteitskaartjie wat hulle onderskei.

### Eerstejaarsdag

Eerstejaarsdag is toelaatbaar en bestaan uit 'n koshuis-T-hempie met 'n bypassende romp en langbroek vir mans. Die drag word gedurende die program saam met die SSR en HK's gedra en mag nie klas toe gedra word nie. Seilskoene en skoolskoene is toelaatbaar, maar dit mag nie verpligtend wees nie.

Eerstejaars wat die broseksamen geslaag het, dra 'n brosknopie tot aan die einde van die eerste semester. Die wat nie die eksamen geslaag het nie, moet 'n identiteitskaartjie dra.

### Sport

Die liggaamsoefeninge in die oggende word verskuif na die sportperiode in die middag. Terwyl atlete oefen kan die res aan bondelsport deelneem. Die eerstejaarsateltiekbyeenkoms verskuif na die Woensdag met die seniors se aankoms. Dit kan die gehalte van die items verbeter en beserings verminder.

### Gemeenskapsdiens

Gemeenskapsdiens word beperk tot telefoon-, voordeur- en lakendiens. Eerstejaars wat reeds hulle diensplig voltooi het, word na die verwelkomingstydperk van gemeenskapsdiens en die aanspreekvorm onthef. Die res van die eerstejaars word aan die einde van die eerste semester van die aanspreekvorm onthef.

Die seniorprogramaand vind die Donderdag plaas en die verwelkomingsdinee Vrydagaand. Karnaval moet verskuif word tot na die Aprilvakansie.

# NG gemeente kry nuwe ds



**DS M van Tonder, nuwe studenteleraar van die NG gemeente Potchefstroom-Noord, is op Vrydagaand 1 Mei deur die gemeente ontvang.**

Hy is reeds op Sondagoggend 26 April as leraar in die gemeente bevestig en het dieselfde aand sy intreepreek in 'n stampvol kerk gelewer.

Hy het sy studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi, en is in 1977 gelegitimeer. Hy het daarna die gemeente Vanderbijlpark-Suid bedien.

Ds Van Tonder sê hy sien baie uit na sy werk onder die studente, en beskou dit as 'n groot uitdaging.

Ds Van Tonder en sy vrou, Erika, het twee kinders, Jaco en Lourie.

## SSR-begroting

steeds 'n tekort van R2 000,00.

### Ouditfooie

Daar is onderbegroot vir ouditfooie. Sekere aksies van Karnaval wat onder die Wet op fondsinsameling val, het ouditfooie verder opgeskuif. Mnr Botha sê dit is swak beplanning.

### Besembos

Mnr Botha sê die verliese wat gely word by die Besembos is ook swak beplanning. Daar is te veel gedruk en dit het te laat verskyn om effektief te verkoop. Die reklame was ook swak. Die drukkoste is R8,00 per eksemplaar en word dus teen 'n verlies verkoop.

### Karnaval

Karnaval se finansies word eers in die volgende twee weke afgehandel. Die geld van aksies onder die Wet op fondsinsameling word aan SGD oorgedra, terwyl die ander inkomste die uitgawes moet dek. Indien die uitgawes meer is as die inkomste op ander aksies, moet die SSR die

(Vervolg van p1)

verliese dra.

### Vervoer

SSR-vervoer het die vorige jaar 'n inkomste van R16 000,00 gehad. Fanie het begroot vir R5 000,00. SSR-vervoer is nie gebruik nie, omdat dit duurder is as Puk-vervoer. Daar is 'n subsidie op Puk-vervoer en nie op SSR-vervoer nie.

Fanie sê die onderliggame moet almal 'n herbegroting indien. Projekte van onderliggame moet volgens 'n projektelys verminder word. Hy sê die hele Puk—gemeenskap moet in die saak saamwerk. Daar moet gekyk word na ander maniere van geldinsameling soos borge.

Renier Nieuwoudt, penningmeester van Politiese Raad sê aangesien die SSR se finansiële jaar reeds in Augustus sluit, dit nie die onderliggame se aksies baie sal raak nie. Projekte in die vakansies sal direk geraak word. Hy sê dit is moeilik om op kort kennisgewing 'n herbegroting in te dien, maar dat dit verstaanbaar is.

## Dalk B.Comm (Komm.)

'n Aansoek van die Departement Kommunikasiekunde vir die instelling van die graad B. Comm (Kommunikasiekunde) aan die universiteit het voor die Fakulteitsraad van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe gedien.

Volgens die departementshoof van Kommunikasiekunde, dr. J. de Jager, is die aansoek goed deur die Raad ontvang, en in beginsel aanvaar. 'n Kommissie sal nou ondersoek instel na die fynere besonderhede van die kursus.




## Vrygesel kry voorstelle

**Geagte Meneer**

AS lid van die vroulike geslag wil ek graag my dank uitspreek teenoor Vrygesel (Die Wapad, 13 April 1981) se inisiatief. Dis met groot opgewondenheid dat die Puk-dames op die stigting van 'Feministiese Odium Klub" wag. Dis egter met 'n nog groter opgewondenheid dat ons vir die een lid na die ander se val voor die "Groot Versoeking" (Rehabilitasie ten spyt) wag.

Dit sal egter wreed wees indien ek "Vrygesel" nie baie voorspoed met sy organisasie toewens nie. So 'n sterk ondersteuner van die klub is ek dat ek selfs 'n paar briljante voorstelle wil saamstuur.

Bou 'n boomhuis, my standerd 3-broertjie meen dis die enigste oplossing vir algemene geheimhouding van vergaderings (hy behoort te weet — hy is lid van die gevreesde Skedelbeenbende). Daarby is hy van mening dat 'n geheime skrif onontbeerlik is en dat jul organisasie 'n mislukking sal wees sonder 'n paar bloedstollende wagwoorde.

Van my kant af nog een voorstelletjie — kry vir julle 'n kenteken. 'n Rooi hoedjie of so iets sal doen. Dit sal die dames se taak aansienlik vergemaklik sodat sy kan weet watter "manne" die weerloosste teenoor haar vroulike lis sal staan!

## *Hou mond gesond*

**— Suster Landa Oelofse —**



DIE gesondhou van die mond is 'n lewenslange taak waarby eetgewoontes 'n uiters belangrike rol speel. Die voedingsvereistes vir die behoud van die gesondheid van die mond is dieselfde as die vir die res van die liggaam, en misbruike wat 'n nadelige uitwerking op die tande het, het gevolge wat veel verder as die tande strek.

Dieselfde nutriente wat noodsaaklik is vir die bou van been- en spierweefsel is ook onmisbaar vir die tande, die kake en die tandvleis. Die voedsels wat ons kies om ons honger te stil en ter bevrediging van die drang om te eet en te drink, sal voor- of nadelig wees vir die hele liggaam, ook vir die tande.

Suikers saai nie net verwoesting in die mond nie, maar word vinnig uit die spysverteringskanaal in die bloedstroom opgeneem en die oortollige suikers word in die vorm van vet in die weefsels gebêre. Soet versnaperinge tussen maaltye lei tot tandbederf en oorgewig.

Die vesel van groente, vrugte en graanprodukte verseker dat die kaak die nodige oefening kry, help om die mond skoon te hou, bevorder normale spysvertering, die opname van noodsaaklike nutriente en die uitskeiding van skadelike stowwe; dit is ook die beste manier om hardlywigheid te voorkom.


GROOTHANDEL-PRYSE!!

KIES U EIE DIAMANT EN SIT DIT IN 'N RING VAN U KEUSE

GROOT VERSKEIDENHEID JUWELIERSWARE



HENNIE KOTZE

CREDO

JUWELIERS/JEWELLERS

LEWIS DEURLOOP/ARCADE TEL. 2 1685 KERKSTRAAT 133




CULPEPER COSMETICS

Word gereken onder die beste in die wêreld — gemaak van natuurlike olie, geursels en plantekstrakte wat onderskryf word deur die Vereniging van Kruiekenners in Engeland.

"Die volledige reeks is beskikbaar by

EV'S PLACE

"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie."

Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)

Bult Apteek

en Medisynedepot

Ons voorsien:

- Naturemade
- Toiletware
- Asook Revlon, Yardley, Old Spice ens.

Tomstraat 88b, Tel. 25344/5

die WAPAD

## "Oriëntering" uiteindelik weg

Dit blyk duidelik uit die orjënteringsverslae dat sowel die studente as die owerhede deeglik besin het oor wat ons tot dusver as oriëntering geken het. Die resultaat is dat daar afgestap gaan word van die huidige konsep — sowel die naam as die inhoud daarvan.

In die plek daarvan kom 'n ontvangs- en bekendstellingsprogram gedurende die eerste week en 'n akademiese oriënteringsprogram in die tweede week. Liggaamlike uitputting, geestelike spanning, vernederende praktyke, onnodige uitgawes en geleenthede vir gesagsmisbruik is uit.

Dit is jammer dat daar nie in alle opsigte afgestap is van die kunsmatige skeiding tussen nuwelinge en seniors, en diskriminasie teen nuwelinge nie. Die aanspreekvorm word steeds gebruik tot die einde van die eerste semester en gemeenskapsdienste word steeds net deur nuwelinge gedoen — twee tiperende eienskappe van oriëntering. Dit is nie die manier waarop 'n gasvrye, christelike universiteit sy nuwelinge behandel nie.

Die implementering en sukses van die nuwe stelsel sal afhang van die erns waarmee elke student dit benader — dit is die enigste manier waarop die Puk die stigma van oriëntering sal kan afskud.

## Sport annekseer snoeker

Dit is jammer dat die snoekerkamer in die studentesentrum voortaan gereken sal word as deel van die sportgedeelte, en dat dit onder die sportregistrasiestelsel sal val. Dit maak ook hierdie ontspanningsvorm, wat eerder 'n sosiale spel as 'n sportsoort is, toeganklik vir die nie-sportiewe student. Is daar geen ander manier om toesig te hou oor die balle en stokke nie? As dit so aangaan, sal die skaakspelers maar solank planne moet maak om te hou wat hulle het!

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
**Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00**
**Dins tot Don 13h30 — 16h30**

**Skrifgedeelte: II Kon. 5:1-19**
**Teksvers: II Kon. 5:2-4**

Die Koninkryk van die hemele verskil van die aardse koninkryke daarin dat God persoonlik met elke burger van sy Ryk intieme bemoeienis maak. Hy bepaal nie net die lewensgeskiedenis van volke en helde nie, maar gebruik selfs geringes in Sy diens om Sy almag en genade te openbaar.

Lees die getuienis van die klein-dogtertjie in II Kon. 5:3. Let daarop dat sy klein, sonder naam, 'n slavinnetjie is in teenstelling met Naäman wat groot is voor sy heer en hoog in aansien is by sy volk. Die Here dwing Naäman om te luister deur hom met melaatsheid te slaan na die getuienis wat Hy self in die mond van die dogtertjie lê. Dit is 'n oënskynlik swak getuienis wat selfs gekleur is met die kultuurinhoud van die heidense Arameërs. Want as ons na die oorspronklike woorde in die Hebreeuse teks kyk, sê sy dat die profeet wat in Samaria is, oor die mag beskik om die siekte van haar heer te "besweer" of "uit te dryf".


Tog lê die Here self die woorde in haar mond, want dit is verstaanbaar vir Naäman. Naäman gebruik dieselfde woorde as hy na sy koning gaan en wanneer hy by Elisa kom (Vgl. v. 4,6 en 11).

Die getuienis van die dogtertjie lei Naäman na God self en eers wanneer hy besef dat dit God self is wat die genesing bewerk het, kom hy met die pragtige getuienis in vers 16: "Kyk nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Israel".

Die Here trek hom eers na Hom toe en wanneer hy buig en in gehoorsaamheid erken dat die Here God is wat al een is wat genesing kan skenk, skenk die Here aan hom vrede (v. 19).

Ons moet onsself of ons werk nie te gering ag om in diens van die Here te staan nie. Hy gebruik ons gewone dade en woorde om diegene om ons na Hom toe te trek. Geen plek is vir Hom te afgesonder waar ons nie vir Hom kan getuig nie — of dit in die lesingsaal, die sportveld of dalk op 'n staptoer is. Hy trek diegene wat aan Hom behoort na Hom toe en Hy skenk self die vrede in hulle harte. In die mond van suigelinge berei die Here vir Hom lof.

**Bertie Ligthelm**



Tonele soos dié is nou iets van die verlede. Die owerhede het oriëntering en alles wat daarmee saamgaan nou finaal verbied.

# Doeltreffender oriëntering sal studente behou en staatsgeld bespaar

**DIE belangrikste aanbeveling uit die verslae rondom oriëntering 1981, is seker die nuwe begrip vir oriëntering, nl. bekendstelling (Kenniepuk). 'n Nuwe begrip vereis egter 'n nuwe inhoud, veral ten opsigte van akademie en ouer eerstejaars.**

**GERRIE SNYMAN, Die Wapad se nuwe diepte-artikel redakteur en voormalige redakteur van Die Herant (studentekoerant van die RAU) en voorsitter van die Afrikaanse Studentepersunie, gooi 'n paar klippe in die bos.**

Die SSR het die doel van oriëntering só gestel: "Om die eerstejaarstudent in die nuwe situasie in te skakel en tuis te maak met sy of haar besondere roeping en verantwoordelikheid aan die PU vir CHO met betrekking tot akademie, studentelewe en uitlewing van Christenskap."

By nadere omskrywing stel die SSR dit soos die Rektor Prof van der Walt, dit gestel het: "Onvoorwaarlik Christelik, onbeskaamd Afrikaans, 'n akademiese diensgemeenskap met durf vir die toekoms".

Ofskoon oriëntering ten opsigte van die akademie op gelyke vlak met dié van die studentelewe gestel word, het die SSR (onbewustelik?) die klem meer op laasgenoemde geplaas.

Die verdere omskrywing van die doel handel hoofsaaklik oor die inskakeling van die eerstejaar in die studentelewe. Dit handel oor lojaliteit teenoor Puk, 'n gelukkige en waardige student van Puk, om rigting en koers op die kampus te kry, ten opsigte van die akademie, geboue en lokale, gebruike en tradisies.

### Verslae

Die klem op inburgering in die studentelewe word ook weerspieël in die vraelys oor oriëntering wat die SSR aan eerstejaars gegee het om te voltooi. Slegs agt uit die 69 vrae handel oor akademiese oriëntering.

'n Verslag van mnr Fanie Venter oor studente wat reeds militêre diensplig voltooi het, dui ook daarop dat dienspligeerstejaars met 'n meer skeptiese oog as jonger eerstejaars na die afgelope oriëntering gekyk het. Hulle is egter maar 'n handjievol: 66 uit 900 eerstejaars wat die vraelys ingevul het.

'n Universitiet is hoofsaaklik 'n akademiese instelling. Die land benodig in toenemende mate tersiêre opgeleide mannekrag, asook mense wat hulle Christenskap in hulle werk sal uitleef.

Doeltreffende akademiese oriëntering vir eerstejaars kan dus help om eerstejaars te behou aan die universiteit, sodat minder sal druip en die staat sodoende meer geld sal bespaar.

### Gaping

'n Eerstejaar moet gehelp word om die gaping van skool na universiteit te oorbrug. 'n Dienspligeerstejaar het twee jaar van intellektuele passiwiteit agter die rug wat oorbrug moet word.

Die klem op 'n akademiese oriëntering is dus baie belangrik. Oriëntering ten opsigte van studentelewe is egter nie nutteloos nie. Dit is 'n hulpmiddel om toe te sien dat die eerstejaar in 'n akademiese atmosfeer kan studeer.

Akademiese oriëntering is egter nie 'n doodmaak-inpropsessie van die eerste week nie. Dit behels meer as kampustoere en kursusinligting.

Die eerstejaarstudent moet uit sy skoolsituasie of intellektuele passiwiteit gelei word tot selfstandige studie. Dit kan nie binne een week geskied nie.

Min eerstejaars weet hoe om met begrip en insig te studeer. Baie se leesspoed is te stadig vir die groot aantal boeke wat hulle moet deurwerk. Min weet hoe om 'n bron vir 'n referaat te gebruik. Dit is alles dinge wat nie deur 'n dosent reggemaak moet word nie.

'n Voogdosent wat oor 'n groep eerstejaars gestel is, help in 'n mate. Maar 'n dosent is gewoonlik besig met sy eie navorsing en het dus nie baie tyd nie. Studente is ook nie geneë om na 'n dosent te hardloop met probleme nie.

### Voogde

Met die instelling van 'n voogdestelsel onder die studente self, is dit prakties moontlik om 'n eerstejaar te lei in akademiese oriëntering. Die ouboetstelsel behoort op 'n vaster basis gestel te word.

'n Student wat presteer in sy vakrigting behoort oor 'n groepie eerstejaarstudente van dieselfde rigting in sy of haar koshuis geplaas te word.

Die doel is nie om as wagter oor die eerstejaar te waak dat hy sal studeer nie. Die voogdosent moet raad gee op akademiese gebied, studiegewoontes en ander probleme.

So 'n voog is egter ook meer as 'n akademiese adviseur. Baie eerstejaars is verward as hulle hier aankom. Persoonlike probleme kan opgelos word wanneer die studentevoog in 'n vertrouensverhouding staan met sy eerstejaar.

Die voog moet egter lojaal wees teenoor die universiteit en sy of haar koshuis. 'n Gesagskrisis kan baie gou ontstaan as die seniorstudent sy groep eerstejaars opsweep teen gesag.

Vir 'n senior behoort dit 'n voorreg te wees om as voog oor eerstejaars aangestel te word. Die owerheid kan selfs dink aan finansiële vergoeding, omdat baie tyd van die student gaan in die uitvoering van hierdie taak.

Wanneer die klem meer op akademiese oriëntering val, ontstaan vanself 'n nuwe begrip vir bekendstelling, veral bekendstelling ten opsigte van dienspligeerstejaars. Die klem sal daarop val om hom op akademiese gebied te lei, terwyl oriëntering ten opsigte van studentelewe sal wees om hom terug na 'n normale lewe te lei.

# Klasgelde minder vir baie kinders

**OUERS wat twee of meer kinders tegelyk op die Puk het, kry tien persent afslag op klasgeld per kind per jaar.**

Die reëling geld van vanjaar af en is ingestel om ouers tegemoet te kom, omdat klasgeld verhoog is. Ouers moet net die ouditeure in kennis stel dat hulle meer as een kind op universiteit het.

Kinders van personeellede van die Puk kry 75 persent afslag op klasgeld. Indien 'n student 'n jaar moet herhaal, moet alle kostes deur die ouer of student self gedra word.

Die reëling geld ook met betrekking tot staatsubsidies. 'n Kursus van drie jaar word vir vyf jaar gesubsidieer en 'n kursus van vier jaar word vir ses jaar gesubsidieer. Indien 'n student langer as die gesubsidieerde tydperk neem om 'n graad te verwerf, moet 'n heffing van vyftig persent betaal word.

Een- en tweejarige diplomas word net vir die duur van die kursus gesubsidieer.

# PU koop eiendom vir uitbreiding

**TOMSTRAAT 23 is deur die Puk aangekoop. Die koop is reeds bekragtig, maar daar is nog nie besluit waarvoor dit gebruik gaan word nie.**

Die beleid van die Puk is om eiendomme in die blok onderkant die universiteit aan te koop sover as wat dit te koop aangebied word.

Daar sal genoeg ruimte wees vir latere uitbreidings, omdat die Pukterrein redelik beknop is, is dit nodig om alle uitbreidings te konsolideer om die beskikbare ruimte optimaal te benut.

Die kostes wat aangegaan is, is nie ingesluit in die begroting van die Puk nie, maar is deur die staat bewillig en op 'n spesiale kapitaalbegroting geplaas. Fondse uit die begroting word net vir die aankoop van eiendomme gebruik.



● *DR FIKA VAN RENSBURG het die graad Th.D. met die proefskrif "Die ontleding van sintaktiese struktuur in die Griekse Nuwe Testament" ontvang.*

*Ná verwerwing van sy B.A.-graad is hy aangestel as voltyds-tydelike dosent in die Departement Grieks aan die PU. Hy is vanjaar as leraar van die Gereformeerde Gemeente in Frankfort bevestig.*

# VSA universiteite goedkoper, vryer

**"KOSHUISE in Amerika is nie soos Suid-Afrikaanse koshuise nie," sê dr J Brewer van die Universiteit van Kansas. Dr Brewer doseer tydens sy studieverlof in Suid-Afrika Algebra aan honneurstudente op die Puk.**

Op Amerikaanse kampusse is daar wel geboue met kamers te huur. Daar is geen reëls vir die "dormitories" nie en dit kos ongeveer R1 000 per jaar. Etes word in kafeterias geneem.

Amerikaanse studente betaal nie klasgeld soos in Suid-Afrika nie; dit word gedek deur die state se belasting. Daar word egter 'n bedrag van ongeveer R400 betaal en dit sluit atletiek-, rugby- en konsertkaartjies in.

Dr Brewer sê Amerikaanse universiteite het beter fasiliteite vir praktiese opleiding, omdat Amerika 'n ryker land is as SA. Die Universiteit van Kansas het twee radiostasies wat mekaar afwissel. Gedurende die dag speel een stasie rustige musiek en die ander speel saans populêre musiek en gesels met studente. Die universiteite het ook hul eie televisiestasies vir die opleiding van studente.

Dit is Dr Brewer se tweede besoek aan SA. Hy was ook vantevore met 'n jaar studieverlof aan Maties waar hy Prof T de W Jooste van die Puk ontmoet het. Prof Jooste het vir hom 'n WNNR-beurs gereël en dit sodoende moontlik gemaak om nou die Puk te besoek.

Dr Brewer se gesin is saam met hom hier. Hulle reis graag en wil nog onder meer Stellenbosch en omgewing en die Krugerwiltuin besoek. Dr Brewer is 'n WP-rugbyondersteuner en wil graag vanjaar van die toetswedstryde bywoon.

# NDP Vorms

JAARLIKSE diensplig-vraelyste is aan persone wat nog nie diensplig verrig het nie, gestuur om te voltooi.

Indien daar enige onduidelikheid bestaan kan studente met kol Van der Walt, by die Buro vir Militêre Skakeling, in verbinding tree.

Die vorms moet teen 14 Mei teruggestuur word.

# Besembosse oor

**DIE BESEMBOS is die Puk se prestige-publikasie. Maar uit die verkope daarvan blyk dit dat daar maar min belangstellende Pukke is wat graag die Besembos wil hê.**

Omdat Die Besembos vanjaar laat uitgegee is, kon daar nie vroeg genoeg kennisgewings uitgegee word voor gradeplegtigheid nie. Daar is toe slegs 'n honderd blaaie verkoop tydens die gradeplegtigheid.

Daar is 1 500 blaaie gedruk en slegs 200 is reeds verkoop. Die blad is van hoë kwaliteit en die foto's pragtig. Die tema is die opening van die SS en dus 'n gebeurtenis om te onthou.

Die Besembos is by die Inligtingshokkie te koop teen R6.

# Personeel en tegnieke sal kafeteria regruk

**NUWE personeel, nuwe bestuurstegnieke en die wyn-en-mout-lisensie sal die bedryfskoste van die kafeteria laag hou en 'n stabiliserende invloed op kospryse uitoefen.**

Dit is die mening van prof Nic Swart, vise-rektor (Finansies en Bedryf). Hy sê dit is die beleid dat die kafeteria sy eie kostes dra terwyl die Universiteit die geboue voorsien. Die rente op die geboue beloop jaarliks R100 000. Die Universiteit moes die vorige jaar ook die studentesentrum se tekort met sowat R60 000 subsidieer.

Volgens mnr Claas Oosthuizen, onder wie se beheer die kafeteria val, word kafeteria-inkomstes gebruik vir die aankoop van voorrade, salarisse en lone en die vervanging van toerusting.

Die onlangse prysverhogings het vol gens hom geen invloed op die omset gehad nie. Hy het ook geen negatiewe kritiek daaroor gekry nie — die publiek en besoekers voel dat die pryse besonder laag is.

Net Puk, Rau en Maties doen self hul spysenering — die ander universiteite laat dit deur buite-instansies doen. Volgens ons ontleding van die pryse is daar, behalwe in die geval van die Puk, 'n tendens dat dié wat dit self doen, goedkoper is.

**Berigte deur Izak Minnaar en Maurits van Wyk**

Die probleem is egter dat Potchefstroom ver van die groot varsprodukte-markte is, en dat produkte se vervoerkoste kospryse opstoot.

Die kafeteria probeer om deur die aanbieding van onthale die koste van kafeteriapryse laag te hou.

Daar word ook gekyk na die organisasiestruktuur en prosedures om vermorsing te bekamp.

Met die implementering van die dranklisensie sal die kafeteria wyn en bier slegs saam met ligte etes aanbied — een van die lisensievoorwaardes is dat daar nie 'n kroeg mag wees nie. Die restaurante sal ook meer toeganklik gemaak word vir studente.

Die kafeteriapersoneel verwelkom positiewe voorstelle om dienste te verbeter. Fielies Kotze, SSR-lid vir die studentesentrum, het sitting op die beheerkomitee en moet voorstelle van studente deurgee.

# *Kospryse vergelyk*

**DIE WAPAD het kospryse van studentekafeterias dwarsoor die land, eetplekke op die Bult en in die dorp vergelyk met dié van die kafeteria in die studentesentrum.**

Dit wil voorkom of ons kafeteria die duurste van almal is — sonder inagneming van kwaliteit en in sekere gevalle hoeveelheid.

Met die volgende disse is ons die duurste: 200 gram skyfies teen 50c (RAU: 25c, Wits en Ikeys: 35c), drie slaaie teen 75c (RAU: — 4 slaaie: 26c, Maties — skep self 'n bakkie vol — 35c), vleispasteie teen 50c sonder sous (Turkstra: 36c, Wits: 40c), Russiese worsies 40c (Kovsies: 26c, RAU: 30c).

Die pryse van die eetplekke op die Bult en in die dorp is min of meer dieselfde as dié van die kafeteria, met 'n paar so 'n rapsie goedkoper.

In die tabel het ons die pryse van 'n paar disse en twee etes vergelyk. Ikeys en Wits se kafeteria word op 'n ander grondslag bedryf en kan dus moeilik hier vergelyk word.

| | Puk | RAU | Maties | Tuks | Kovsies |
|---|---|---|---|---|---|
| Geroosterde Ham- en tamatie-toebroodjie | 55c | 35c | 31c | 45c | 48c |
| Hamburger | 65c | 55c | 39c | 55c | 69c |
| Worsbroodjie | 50c | 35c | 34c | 50c | 55c |
| Kerrie en rys | 1.50c | 1.00 (met groente) | — | 1.10-1.30 | 1.20 |
| Skyfies (ongeveer 200g) | 50c | 25c | — | 40c | 34c |
| Vleispastei | 50c | 45c | — | 40-45c | 46c |
| Gekookte middagete (1 vleis, 1 stysel, 2 groente) | 2.00 (slaai en brood) | 1.00 | 1.16 | 1.40-1.60 | 2.10 (met slaai) |
| Koffie/Tee | 25c | 20c | 20c | 25c | 30c |
| Belasting | Uitgesluit | Ingesluit | Ingesluit | Ingesluit | Ingesluit |
| 'n Ete vir twee, bestaande uit 'n gekookte middagete en 'n koppie koffie vir die een; en 'n hamburger, aartappelskyfies, en 'n bordjie slaai vir die ander. | R4.32 | R2.26 | R2.45 | R4.13 | R3.45 |

# Koshuisstudente eet goedkoop

**Koshuisstudente is, wat kos betref, beter daaraan toe as wat hulle aldag besef.**

Baie moeite word deur die personeel by Koshuisadministrasie gedoen om kospryse so laag as moontlik te hou.

Van die besparingsmetodes is om self die groente en vrugte op die mark te gaan koop, en self die vleis te bewerk, pleks van tussengangers daarvoor te gebruik. Ook word faktore soos die feit dat nie alle studente elke maaltyd nuttig nie, in berekening gebring.

Deur al hierdie faktore in gedagte te hou by die beplanning van maaltye en kosteberekening, kan 'n volle dag se etes, wat eintlik R1,94 kos om te produseer, teen R1,50 aan die student voorgesit word.

Die pryse waarteen enkele van die voedselitems wat in die berig hiernaas genoem word, deur koshuisadministrasie aan koshuisstudente gelewer word, is: kerrie en rys (80c), Russiese worsies (35c), skyfies (35c), vleispasteie (33c), 'n gekookte middagete (80c), en koffie en tee (11c).

Tog word kwaliteit nie ingeboet vir ekonomie nie. Slegs die beste beskikbare produkte word vir die koshuise aangekoop. "Ek koop net die beste," sê mnr Fred Briel, hoofspysenier by Koshuisadministrasie, "As die studente gelukkig is, is ek gelukkig."

**Huis en Tuin**
Tomstraat 82B — Tel. 4641

*Sê dit met blomme van*
HUIS EN TUIN

Kom ondersteun ons en ons steun julle in julle liefdesake.

Blomme
Ruikers
Plante

Aflewerings gedoen



**Studente**
se blommewinkel

Daglig gloeilampe weer beskikbaar

# Troue van die jaar



• *Sprankelend mooi staan Oosterhof hier langs haar trotse bruidegom Makouvlei op die troue van die jaar.*

**DIE troue van die jaar — hier op Potch. Selfs nie eers Prins Charles se bruid sou Saterdag, 2 Mei, by die sprankelende Oosterhof kon kers vashou nie.**

Elsie Yssel (alias Oosterhof se primaria) en Johan Jonker (alias Makouvlei se onder-primarius) is Saterdagaand, 2 Mei om 18h30, amptelik met 'n kerslig-seremonie in die huwelik bevestig, na 'n verlowing van tien jaar.

Op 25 Februarie 1971 het Makouvlei sy vere reggeskud en op 'n groot geleentheid die verlowingsring aan Oosterhof oorhandig. Vir tien lange jare het Makouvlei vir Oosterhof gewag en het die liefde stadig gedy totdat albei koshuise die afgelope Karnaval besef het hulle hoort bymekaar. Tydens die huweliksseremonie het die predikant (Karel Jordt) die paartjie en hul gevolg deeglik toegelig oor die sosiologiese aspekte van die gesin.

Daar was konfetti, 'n troukar met ballonne en linte en 'n troukoek, maar die mooiste van alles was die bruid in haar wit, volksmoederrok en fyn sluier. Op die onthaal was daar die gebruiklike heildronke en die arme bruidegom. . .

Om enige onduidelikheid uit die weg te ruim het die familie van die bruid (Oosterhof-HK) gesê die huwelik tussen Over-de Voor en Oosterhof twee jaar gelede was slegs 'n reklameset tydens Karnaval. Buitendien is daar al sedert 1971 geen sprake van 'n sleep tussen Overs en Oosterhof nie, nadat die bande op daardie tydstip reeds deur 'n kort en bondige briefwisseling beëindig is.

## Wag-'n-bietjie kry fontein

**DIE inwoners van Wag-'n-Bietjie sukkel deesdae om kop bo water te hou. Só lyk dit altans vir verbygangers wat deesdae óf lig geamuseerd óf ietwat ergerlik na die stroom water voor die koshuis kyk.**

"Daar is 'n fontein onder ons koshuis", het een van die eerstejaars grootogig gefluister. "Is dit nou die voor van Overs?" wou 'n ander weet. "Kom ons bou 'n swembad" het een van die HK-lede entoesiasties voorgestel.

Die geheim is nou blootgelê en is só tegnies van aard dat al die misterie van onderaardse waterbronne en dinge platgeval het. Dit is bloot een van die vele pype onder die koshuis wat lek. Die pype is egter toegemessel en sal moeilik herstel kan word.

Intussen vloei die water rustig voort. . .

## Kennisgewings 'n probleem

**GENOEGSAME kennisgewing van aktiwiteite om en op die kampus, is 'n groot kwelpunt.**

Die publikasie 'Week Oppie Puk' verskyn vir 'n geruime tyd nie meer op die kampus nie. Dié besluit is deur die SSR geneem nadat die onkoste van die blaadjie ongeveer R30 per week beloop het.

Daar is besluit om advertensieborde aan te bring om kennisgewings aan die studente deur te gee. Dié besluit is egter ook in die wiele gery deur hoë onkoste. Daar is beplan vir wisselbare letterkennisgewingborde maar dit sou R300 per kennisgewingbord beloop het.

Hiervoor is nie vir dié jaar begroot nie en sal dit dus moet oorstaan tot volgende jaar.

Belangrike datums word nou weekliks in die 'Wapad' gepubliseer. Daar word ook van plakkate gebruik gemaak om kennisgewings deur te voer.

Dit blyk ook dat die plakkaatkennisgewings alreeds suksesvoller is as 'Week Oppie Puk! omdat dit meer mense se oog vang. Min studente is bewus dat daar 'n publikasie 'Week Oppie Puk' bestaan het.

Wanneer behoorlike kennisgewingborde aangebring is, sal kennisgewings vinniger deur gegee kan word en noodwendig meer doeltreffend wees.

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
**Toon afslagkaart en ontvang afslag**

**MOG Pukke nooit daarvan beskuldig word dat hulle hier is om daagliks tussen woonhok en werkshok te beweeg en die almanak stukkend te kyk tot en met vakansietye nie. Die Wapad is besig met 'n weeklikse diepte-ondersoek na Puk-koshuise se tradisies en die resultate wat dit tot dusver gelewer het.**

Koshuistradisies

## *Klooster tweede paradys*

Vanweë hul koshuis se afgesonderdheid, het Kloostermanne miskien alle rede om soos uitgeworpenes te voel. Wanneer 'n mens met hulle gesels, is dit egter duidelik dat hulle ou Kloosterskool in die dorp as 'n tweede paradys sien. Hennie de Wet, die primarius en twee mede-Kloosterlinge — Fanie Venter en André Howard — kon lustig vertel van die magdom tradisies wat met die koshuis saamgeloop het deur die jare.



• *Só lyk die bestuur van Klooster se Klub 02. Van links na regs sit die "Sires" soos volg: Agter: Frans Steyn; Hennie de Wet; Dirk van Heerden en Totius du Toit. Middel: Thomas Kruger; André Howard; Johan Koekemoer en Fanie Venter. Voor sit Wim Hugo, Hansie en "Hansie en Grietjie" en Sire Hunk van Bimmel sit op "Hommel".*

Wie sou kon dink dat die alomaanvaarde en frekwentatief gebruikte woord "zef" sy oorsprong in Klooster gehad het? Die skepper van hierdie woord, Jan Kroeze, was 'n Kloosterinwoner met invloed op die kampus — so is die woord by die studente ingeburger. Enkele van hulle beroemde woordgebruike is: vir slaap: "roomies", "rubala" of "clapie Tswala". Wanneer hulle slotmasjiene wil gaan speel, wil hulle graag 'n "pinny hass". Meisies staan bekend as "punte"

### Sluipers

Klooster hou nie van sluipers nie, dit wil sê manne wat Intersektoertjies uitvoer wanneer hulle benodig word. Daarom bestaan daar 'n sogenaamde "Sluiperslys". Sluipers word volgens sluipersmeriete hierop gerangskik en die res van die koshuisinwoners kan meedoen aan die pret. Die manne kry punte as hulle 'n sluiper met 'n watersak kan raakgooi. Gooi jy die hoofsluiper raak, kry jy nie minder as vyfhonderd punte nie. Indien iemand die huisvader raakgooi, is hy outomaties die wenner.

Onlangs het 'n heel nuwe organisasie sy kop uitgesteek in Klooster. 'n Klub is in die lewe geroep om "'n onderlinge band tussen studente, wat nie meer deur normale studente aktiwiteite geamuseer word nie, te skep" (aldus die grondwet).

Die klub bestaan bekend as klub 02 en lede van hierdie klub is Kloosterinwoners wat langer as vyf jaar op die Puk is en wat meer as vier jaar van hierdie tydperk in Klooster deurgebring het.

### Jong blare

Die doel met die Klub is, volgens die grondwet om onder meer die ouer garde in die koshuis tot eenheid te snoer en aksies met (verkieslik) die jong blare in dameskoshuise te hou.

• Die berig oor Kloostertradisies word vervolg in die volgende Wapad.


Markhams
**STUDENTE**
Open nou rekenings sonder deposito
Kerkstraat 180, Tel: 24336

Daar's baie geskenkwinkels
Maar daar's net een

CURIOSITY HUT
SANTAM ARCADE
TEL. 2-4254
Besoek die hut vir
*Rare Geskenke*
*Etniese klere*
*Moderne Juwele*
*Beursies*
*Kantjies Kussings*
Alle nuwe idees te sien by ons.

# Kanoklub kan nog verbeter

— Lynette Pretorius —

**PU-KANO het Saterdag, 2 Mei, aan die Transvaal-Snelroei op Vanderbijlpark deelgeneem.**

Die span het gedurende die byeenkoms beter plekke behaal as vroeër die jaar. Daar is egter baie ruimte vir verbetering as hulle hul oefenprogram beter opstel en die oefensessies meer 'n spanpoging maak. Die roeiers toon baie potensiaal en daar kan baie van hulle verwag word in die toekoms.

Piet van Heerden, van Potchefstroom Tegnies wat vir die Puk roei, het 'n eerste plek in die 6000 m K1 Seuns o/16 behaal, met Karel de Jager in die derde plek. Dirk Labuschagne en A Bischoff, van Tegnies, het ook vir Puk deelgeneem en onder andere 'n derde plek behaal in die 1000 m K2 Juniors. Hulle het ook plekke behaal in ander items.

Die dames se K4 span, Riekie Olivier, Lynette Pretorius, Melanie van der Merwe en Hannetjie Ehlers, het 'n tweede plek behaal, ten spyte van die feit dat hulle nog nooit saam geoefen het nie. Riekie Olivier en Lynette Pretorius behaal ook 'n derde plek in die 500 m K2 Dames met Melanie van der Merwe en Hannetjie Ehlers in die derde plek. In die K1 500 m Dames behaal L Pretorius 'n vyfde plek en Hannetjie Ehlers sesde plek.

Charles Luyt behaal 'n sesde plek in die 1 000 m K1-Beginners en Deon van der Watt en Christo Engelbrecht kom sesde in die 1000 m K2 Seniors.



● *Caput met Bokkie het weereens bewys dat hulle die beste manstrapkarspan is. Hulle het die eerste wedren in die mans trapkarliga gewen.*

# Trapkarbaan eerste in SA

— Griet Gräbe —

**DIE Puk spog met 'n splinternuwe trapkarbaan. Hierdie is die enigste baan van sy soort in Suid-Afrika. Die Pukke het self uitgespring om geld in te samel vir die projek, terwyl die Puk Tegniese Depot die baan gebou het.**

Die Trapkarklub het hul vakansie gebruik om geld in te samel vir hierdie groot projek. Dit was gedurende die April-vakansie wat die studente 'n Wêreldrekord-trapkartoer aangepak het. Die span het op Beitbrug weggespring, en binne agt dae was hulle binne in die Kaap.

Die baan word amptelik geopen op 16 Mei, met Republiekfeesviering op Potchefstroom. Prof Tjaart van der Walt voer die openingsrede waarna daar 'n openingswedren wat ses ure sal duur plaasvind. Alle trapkarspanne word na die geleentheid uitgenooi.

Die spanne wat gaan deelneem is onder andere: Weermag, UCT, US, Durban, UP, Yskor, Pretoria, Van der Bijl, New Castle, Die Technikons, en 'n Hoërskolespan.

Die Puk hoop om in die toekoms interprovinsiale kompetisies op die baan te beslis.

Die baan is op die Fanie du Toitsportterrein gebou. As dit nie was vir 'n ernstige arbeidstekort en die baie reëns nie, sou die baan reeds vir die afgelope karnaval gereed gewees het. Rondom die baan is reklameborde aangebring, en dit is vir alle adverteerders beskikbaar gestel.

# Kortsport

## ● Tennis

Die Tennis-koshuisliga uitslae sien as volg daar uit: Klooster I en Hombrè I loop voor met dertien punte elk. Villagers twaalf, Drakenstein tien, Caput I sewe, Amajuba ses, Dawie Dup twee, Hombrè II een, Caput II twee, Klooster II een, en Overs een.

By die dames loop Vergeet-My-Nie voor met tien punte, Karlien, Klawerhof I en Wag-'n-Bietjie volg met agt punte elk. Oosterhof I en II het albei drie punte, Wanda en Heide het albei nul punte en Dinki het een punt.

## ● Koshuisrugby

Amajuba het Saterdag 2 Mei vir Over de Voor 13 — 0 gewen. Villagers wat sterk staan in die liga en nog geen wedstryd verloor het nie wen 12 — 1 teen Hombrè. Dawie Dup het ook nog geen wedstryd verloor nie, en wen Klooster 13 — 5. Caput het 'n loslootjie gehad.

## ● Trapkar

Die eerste manstrapkarliga het 29 April plaasgevind. Caput het gewen, Over de Voor was tweede en Hombrè was derde. Al drie het 53 rondes afgelê.

## ● Snoeker

Die snoekerkamer sal weer vanaf 3 Mei vir studente oop wees. Om te kan speel is die prosedure soos volg: Daar sal vooruit besprekings gedoen moet word soos by muurbal. Verder moet die persoon in besit van 'n sportkaart wees, en lid van die snoekervereniging wees, anders moet 'n aanvullende R1.00 betaal word by besprekings. Die ligtereëls is net soos voorheen. By die toon van die sportkaart en die 5c besprekingskaartjie sal daar stokke en balle verskaf word. Daar sal toesig gehou word.

## ● Pluimbal

Oor die pluimbalkompetisie wat onlangs op 'n uitklopbasis afgehandel is, het groot ontevredenheid geheers.

Mnr. Piet Louw, wat tydens die kompetisie in Amerika was, kon die klub geen leiding gee nie. Volgens hom moes dit liewer op 'n rondomtalie-basis geskied het. 'n Uitklopbasis is onvoldoende vir 'n koshuisliga, aangesien die spanne wat derde, vierde of vyfde was, nie bepaal kon word nie.

Villagers, die wenners van die kompetisie, was ontevrede omdat die liga oorgespeel moet word. Mnr. Louw het toe besluit om die totale punte bymekaar te tel en te halveer en so die stand van al die koshuise te bepaal.

## ● Trampolien

Sharlène Geyser, Springbok-wipmatspringster is genooi om deel te neem aan 'n wipmatvertoning waar die Staatspresident teenwoordig sal wees. Die vertoning vind plaas op 27 Mei in Durban, die laaste dag van die SA-spele.

Tydens die afgelope Springbokproewe het sy 'n eerste plek op die dubbel-mini afdeling vir vroue behaal, en 'n tweede plek op die trampolien vir die vroue-ope-afdeling. Sharlène van der Merwe, wat haar tydens die toptienkampioenskap gewen het, het weereens die afdeling gewen.

Sharlène is besig om haarself vir die SA-spelekampioenskap voor te berei wat op 15 Mei in Pretoria plaasvind.

## ● Skerm

Die afgelope naweek is 'n skermkompetisie tussen Wito en die Puk gehou. Die dames-floret A-span het teen Wito A 4 — 5 en teen die B-span ook 4 — 5 verloor. Die mans-floret A-span het teen Wito A 1 — 8 verloor en teen die B-span 5 — 4 gewen. Die mans-degenspan het 12 — 3 verloor.

## ● Netbal

Die uitslae van die netbalkoshuisliga wat 2 Mei afgehandel is, is soos volg: In die A-liga, Vergeet-my-nie wen Wanda 31 — 15, Heide wen Wag-'n-Bietjie 16 — 14, Dinki wen Kasteel 16 — 13, Klawerhof wen Karlien 15 — 12, Oosterhof wen Wag-'n-Bietjie 19 — 13 en Wanda wen Heide 21 — 19. Die wenners in die B-liga is Dinki wat Kasteel 30 — 13 wen, Karlien wat oor Heide seëvier met 18 — 11 en Vergeet-my-nie wat Wanda 23 — 5 wen.

## ● Landloop

R. Cronje van Amajuba het die "Fun Run"-kompetisie gewen met 'n tyd van 28 min 10 sek. F. Hall van Villagers was tweede en H. Stols van Klooster derde. Die damesafdeling is gewen deur M. Harmzen van Wag-'n-bietjie. Haar tyd was 17 min 23 sek. Tweede was M. Buys van Karlien en derde was N. Ludik ook van Karlien.

## ● Hokkie

Retha Burger en Piere van Heerden het onlangs goed presteer. Albei is uitgenooi na die Suid-Afrikaanse 0.21-proewe wat in Johannesburg gehou sal word.

Retha is Puk I se kaptein en is een van 33 speelsters wat uitgenooi is. Sy is die tweede Pukdame wat die onderskeiding behaal. Daar was laas in 1973 'n Puk wat uitgenooi is na die proewe.

## ● Hokkie

In hulle wedstryd teen Pote I, het die dames Puk I-span met 1 — 0 gewen. Die tweede Puk-span het teen Villagers I met 0 — 1 verloor.

Die mans het ook wedstryde gespeel. Puk I verloor 1 — 2 teen Vaal Reefs. Puk II wen Pote met 3 — 0.

# Kwaai stryd in rugby

— Griet Gräbe —

**SATERDAG se Intervarsity teen RAU is 'n belangrike wedstryd vir die Puk. RAU, wat baie goed vaar in die Transvaalse liga en ook by die klubkampioenskappe die Plaatskompetisie gewen het, spel net gevaar. Die Pukke sukkel met twee beserings, maar het reeds gewys waartoe hulle in staat is teen die Weermagspan.**

Cobus van Wyk, losskakel, het sy enkel in Wes-Transvaal se wedstryd teen Noord-Vrystaat beseer. Jacques du Plessis neem Cobus se plek in, en 'n moeilike taak wag op hom om die ervare Lee Barnard in toom te hou.

As André Markgraaf (kaptein) en sy manne die bal vinnig na die losskakel kan voer, sal die stryd halfpad gewonne wees. Sarel Loots het vir Saterdag se wedstryd onttrek. Barend Kirsten is gekies om flank te speel, terwyl Gert Smal verskuif is na die slotposisie.

Hulle opponente Tommie Bosch en Mielie van Zyl van RAU is manne wat nie onderskat kan word nie. Die Pukke sal net hulle beste moet gee as hulle die wedstryd wil wen. RAU het reeds vroeër vanjaar met Shimlas afgereken en as ons die wedstryd kan wen sal dit as barometer kan dien vir wat ons kanse teen die Kovsies is.

# Atlete is op wenpad

**PIET Goosen het weereens Saterdag 2 Mei, die diskus gewen met 'n afstand van 57,92 m.**

Piet het ook 'n derde plek behaal in die gewigstoot. Sy afstand was 16,47. Stefan Greyling, Junior Springbok, het sy beste tyd in die 800 meter aangeteken. Sy tyd was 1,47,965 en Mark Handelsman se tyd was 1,46,935 sekondes.

Isabel Campher het 'n derde plek behaal in die verspring met 'n afstand van 5,80 meter.

In Germiston waar die Meesterskompetisie vir veterane plaasgevind het, het oom Jos Sirakis die goue medalje gewen. Hy het in die ouderdomsgroep 65 tot 69 deelgeneem in die volgende nommers gewigstoot, diskus en hamergooi.

# Trustbank skenk motor

**DIE Sportburo spog deesdae met 'n splinternuwe Ford Cortina-motor. Die motor is deur Trust Bank geskenk.**

Prof Claassen het die verteenwoordigers van Trust Bank verwelkom en prof Tjaart van der Walt het die bedankings gedoen. Dit gaan vir hom nie net om toppprestasie nie, het prof Tjaart gesê, vir hom is dit belangrik dat 53 % van alle voorgraadse studente aan sport deelneem.

Mnr Swanepoel van Trust Bank het gesê dat hulle nie net studentelenings wil toeken nie, maar wil ook 'n goeie vennootskap met die studente bind. Die skenking van die motor sien hulle as 'n belegging in die jeug.

Die Puk en Universiteit van Pretoria is die enigste twee universiteite wat so 'n skenking van Trust Bank ontvang het.

Sanet's
Health Shop
● Gesondheidsvoedsels
● Verslankingsmasjiene
● Natuurlike skoonheidsmiddels
● Dieetvoedsels
● Homeopatiese middels
Malherbestraat 42
Telefoon 5444

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
DIENS IS ONS TROTS
Boutique DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits






● *Drik de Vos – afrigter*

# Reëlings vir Intervarsity


**INTERVARSITY teen RAU vind Saterdag, 9 Mei, plaas in Johannesburg. Vanaf 08h00 Saterdagoggend begin die eerste sportspanne teen mekaar meeding.**

Sportburo doen 'n beroep op die studente om net Saterdag van hulle akademie te vergeet en in groot getalle na RAU op te trek. Die SSR het busvervoer gereël. Die busse sal Saterdagoggend 05h30 vertrek en weer Saterdag aand 23h00 vanaf RAU terugkeer. 'n Retoerkaartjie kos R4.50.

Toegang by die hoofwedstryd is R1.00 per persoon. Indien studente nie 'n studentekaart as bewys kan toon nie, sal hulle R2.00 per persoon moet opdok. Toegangskaartjies kan by die Inligtingstoonbank gekoop word.

Geen etes word by die koshuise voorsien nie, behalwe vir koshuissportspanne wat deelgeneem het. Hulle sal middagete kan geniet by die koshuis teen wie hulle deelgeneem het. Vanaf 19h00 Saterdagaand word massavermaak vir die studente op die kampus gereël.

## Eerstespan



● *Wessel v/d Merwe – heelagter*



● *Louwtjie v/d Walt – linkervleuel*



● *Zillen Roos – senter*



● *Herman Kleynhans – senter*




● *Cassie Basson – regtervleuel*



● *Jacques du Plessis – losskakel*



● *George Moorcroft skrumskakel*



● *Nic Nortjé – stut*



● *Anton Fick – haker*



● *Quinton Campbell – stut*



● *Barend Kirsten – flank*



● *Gert Smal – slot*



● *André Markgraaff – slot (k)*



● *Jan Geldenhuys – flank*



● *Pieter Conchar – agsteman*

## *Intervarsityprogram*

| Tyd | Sportsoort | Spanne | Plek/Lokaal Kompetisie |
|---|---|---|---|
| 08h00 | Gholf | | Randpark |
| 08h30 | Rugby | Drommedaris A vs Caput 1 | Stadion A |
| | | Drommedaris B vs Over de Voor 2 | Stadion B |
| | | Kanniedood B vs Hombré 2 | Eben Cuylerpark 2 |
| | | Oppierif B vs Caput 2 | Eben Cuylerpark 1 |
| 08h45 | Pluimbal | | Sportsaal |
| | Karaté | | Sportsaal |
| | Muurbal | | Sportsaal |
| | Tafeltennis | | Benjymijn |
| | Dameshokkie | RAU III vs PU III | Orban A |
| | | RAU IV vs PU VI | Orban B |
| | | Skoonveld vs Wanda | Orban C |
| | | Kruinsig vs Dinki | Orban D |
| Netbal | Benjymijn vs Vergeet-my-nie | | Eben Cuylerpark A |
| | | Alomdraai vs Klawerhof | Eben Cuylerpark B |
| | | Kruinsig vs Karlien | Eben Cuylerpark C |
| | | Skoonveld vs Dinki | Eben Cuylerpark D |
| | Tennis | | Stadion |
| | Gewigoptel | | Wits Universiteit |
| | Landloop | | Kampus Sportsaal |
| | Jukskei | | Tennisbane |
| 09h00 | Stoei | | D-Ring (Geelblok) |
| 09h30 | Netbal | Amper Daar vs PU O/20A | Eben Cuylerpark A |
| | | Oorkant vs PU O/20 B | Eben Cuylerpark B |
| | Sokker | RAU II vs PU II | Eben Cuylerpark |
| 09h50 | Rugby | RAU O/20 B vs PU O/20 B | Stadion A |
| | | Afslaan B vs Klooster 2 | Stadion B |
| | | Kanniedood A vs Hombré 1 | Eben Cuylerpark 2 |
| | | Oppierif A vs Villagers 1 | Eben Cuylerpark 1 |
| | Dameshokkie | RAU II vs PU II | Orban A |
| | | Amper Daar vs Vergeet-my-nie | Orban C |
| | | Oorkant vs Oosterhof | Orban C |
| | Manshokkie | RAU II vs PU II | Orban B |
| 10h00 | Skaak | | D-Ring (Geelblok) |
| 10h15 | Netbal | RAU II vs PU II | Orban A |
| 10h30 | Judo | | Foyer Ouditorium |
| 10h45 | Sokker | RAU I vs PU I | Eben Cuylerpark |
| 10h55 | Dameshokkie | RAU I vs PU II | Orban A |
| | | Alomdraai vs Klawerhof | Orban B |
| | | Benjymijn vs Heide | Orban D |
| | Manshokkie | RAU I vs PU I | Orban B |
| 11h00 | Netbal | RAU I vs Pu I | Orban A |
| 11h10 | Rugby | Afslaan A vs Dawie Dup1 | Stadion B |
| | | Vorendag A vs Amajuba 1 | Eben Cuylerpark 2 |
| | | Vorendag B vs Dawie Dup 2 | Eben Cuylerpark 1 |
| | **Middagete 12h00 — 13h00** | | **Studentesentrum** |
| 12h55 | Rugby | RAU O/20 A vs PU O/20 A | Stadion A |
| 14h15 | Rugby | RAUTELS vs IBBIES | Stadion B |
| 15h40 | Drompoppies | | |
| | Sjampanjenooi | | |
| 16h00 | Rugby | RAU I vs PU I | Stadion A |
| 18h00 | Onthaal Bywoning slegs op Uitnodiging!! | | Studentesentrum |
| 19h00 | Massavermaak en Ontspanning | | |